DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING:

# VERSLAG VIR BURGERS

VIR DIE 2021/22-BOEKJAAR



Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

## Verwysings

- Jaarlikse Prestasieplan vir 2021/22 en 2022/23
- Jaarverslag vir 2020/21 en 2021/22
- Vyf-jaar Strategiese Plan 2020/2025
- Departementele Diensleweringshandves

**Tree asseblief met ons in verbinding!**


**Provinsiale Minister**
Mnr. Anton Bredell
Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
Privaat Sak X9186
Kaapstad
8000

**Office of the Head of Department**
Mnr. Graham Paulse
Departementshoof
Privaat Sak X9076
Kaapstad
8000

Provinsiale webtuiste: **www.westerncape.gov.za**
Tel: 021 483 4997


Wes-Kaapse Regering

## DIE LEIERS

Die Departement se befondsde SBD-poste is almal gevul. LUR Bredell en mnr. G Paulse verskaf leiding en rigting om te verseker dat die Departement se doelwitte bereik word.



Minister **Anton Bredell** is 'n verkose politikus. Hy is verantwoordelik vir die plaaslike regering se provinsiale beleid. Sy oortuiging in die bevordering van alle gemeenskappe dryf die Departement om programme te implementeer wat 'n verskil in die lewens van die inwoners van hierdie provinsie sal maak.



Die Departementshoof, mnr. **G Paulse,** is 'n staatsamptenaar met die begeerte om Plaaslike Regering as 'n middelpunt van innovasie te vestig, wat sal lei tot effektiewe en doeltreffende lewering van die ministeriële en regeringsopdragte.

## DEPARTEMENTELE OORSIG

Die Departement van Plaaslike Regering in die Wes-Kaap word deur die Grondwet belas met die verantwoordelikheid om munisipaliteite te monitor en te ondersteun om dienste aan gemeenskappe te lewer. Verder is die Departement verantwoordelik vir die bevordering van goeie bestuur in munisipaliteite en om munisipaliteite in staat te stel om dienslewering te verbeter.




**ONS VISIE**
Om 'n doeltreffende en dinamiese span te wees wat goed bestuurde munisipaliteite in staat stel om dienste aan gemeenskappe te lewer op 'n responsiewe, volhoubare en geïntegreerde wyse.

**ONS MISSIE**
Om munisipaliteite te monitor, te koördineer en te ondersteun om doeltreffend te wees in die uitvoering van hul ontwikkelingsmandaat en om dienslewering en rampveerkragtigheid te fasiliteer deur skakeling met regeringsfere en maatskaplike vennote.

**ONS WAARDES**
Om om te gee, bekwaam en aanspreeklik te wees om ons werk met integriteit te doen, op 'n manier wat die behoeftes van rolspelers en ons kliënte aanspreek, en ons streef daarna om innoverende maniere te vind om die behoeftes van ons kliënte te probeer bevredig.

## DEPARTMENTAL SENIOR MANAGEMENT





## BEPLANNING EN FINANSIËLE PRESTASIES


**TOTALE BEGROTING**
**342 646**




- Gemeenskapsontwikkelings-werkerprogram
- Integrasie van dienslewering
- Korporatiewe Dienste
- Rampbestuur
- Munisipale prestasie, monitering, verslaggewing en evaluering
- Munisipale Infrastruktuur
- Munisipale administrasie
- Kapasiteitsontwikkeling
- Openbare deelname
- Koördinering van Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning




- Gemeenskapsontwikkelings-werkerprogram
- Integrasie van dienslewering
- Korporatiewe Dienste
- Rampbestuur
- Munisipale prestasie, monitering, verslaggewing en evaluering
- Munisipale Infrastruktuur
- Munisipale administrasie
- Kapasiteitsontwikkeling
- Openbare deelname
- Koördinering van Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning




Beplande jaarlikse prestasieteikens

- Gemeenskapsontwikkelings-werkerprogram
- Integrasie van dienslewering
- Korporatiewe Dienste
- Rampbestuur
- Munisipale prestasie, monitering, verslaggewing en evaluering
- Munisipale Infrastruktuur
- Munisipale administrasie
- Kapasiteitsontwikkeling
- Openbare deelname
- Koördinering van Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning

**Die Departement het meer as 98% van die bogenoemde toewysing vir verskeie prioriteite aangewend.**


**Die Departement het 97% van die beplande teikens ten volle** en 3% van die beplande teikens gedeeltelik bereik.

### OUDITBEVINDIN

Die Departement kondig met trots aan dat hy **vir die negende agtereenvolgende keer 'n ongekwalifiseerde ouditmening** van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika ontvang het.

# SLEUTEL- TEMATIESE PRESTASIE GEDURENDE 2021/22

## VERBETERING VAN TOEGANG TOT STAATSDIENSTE



**Die Departement gaan voort om te innoveer met die oog daarop om Burgers se toegang tot dienste te verbeter.**

- Die program hou tred met nywerheidsrevolusie deur vennootskap met belanghebbendes wat robotika fasiliteer tot kodering van programme, om kapasiteit en vaardighede van jongmense te bou.
- Een van die innovasies wat geloods is, is die gebruik van hommeltuigtegnologie om met burgers te kommunikeer.

## VERSEKERING VAN GLADDE OORGANGSFASE NÁ PLAASLIKE REGERINGSVERKIESINGS





- Die Departement het 'n kritieke rol gespeel om munisipaliteite by te staan met voorbereidings vir die 2021 Plaaslike Regeringsverkiesings
- Voor die verkiesing is leiding en ondersteuning aan munisipaliteite verskaf deur die verspreiding van verskeie omsendbriewe op verskeie gebiede.
- Die Departement het 'n Verkiesingshulptoonbank ingerig om regsleiding en advies aan munisipaliteite te verskaf.
- Die Departement het leiding gegee oor die raadsamestelling, die tipe munisipaliteit, die aantal wyke en voltydse raadslede soos per hul onderskeie kennisgewings.
- Amptenare is na die openingsraadsvergaderings van munisipaliteite ontplooi om munisipaliteite te monitor, te adviseer en te ondersteun.

## VERBETERING VAN DIE SKAKELING TUSSEN MUNISIPALITEITE EN BURGERS



- Deur die Burgerlike Onderwys-uitreiksessies wat in samewerking met munisipaliteite uitgevoer is, het ons vordering gemaak met die opvoeding van burgers oor hul rol in plaaslike regering, sodat ons hulle op hierdie reis kan neem, terwyl ons daarna streef om dienslewering tot hul voordeel te verbeter.

## IMPLEMENTERING VAN DIE GESAMENTLIKE DISTRIK- EN METROBENADERING (GDMB)

**Die Gesamentlike Distrik- en Metrobenadering (GDMB) is in alle distrikte in die Provinsie geïnstitusionaliseer en ontvang ondersteuning van provinsiale departemente, munisipaliteite en nasionale departemente. Sleutelprojekte onder hierdie sambreel het die volgende ingesluit;**



- Uitgebreide Spoornetwerk: Brei ekonomiese groei en werkskepping uit deur toegang tot internasionale markte deur Kaapstad-hawe te verbeter: Deense skenkerondersteuning verkry om die projek te ondersteun.
- Grondruil: Die vrystelling van strategiese grond het die ontwikkeling van 'n nuwe laerskool in Grabouw en die uitbreiding van die bestaande kliniek in Caledon moontlik gemaak.
- Voorsiening van basiese dienste vir geprioritiseerde informele nedersettings (Drakenstein): Projek het met munisipale befondsing begin. Bykomende toelae-befondsing is verseker.
- Jeugsentrum in Piketberg: Privaat sektor-, munisipale en provinsiale befondsing verkry vir die Veeldoelige Jeugontwikkeling- en Vaardigheidsontwikkelingsentrum. Die sentrum sal ook 'n Thusong-dienssentrum vir toegang tot staatsdienste insluit; ander dienste soos kindernasorgfasiliteite, beradingsgeriewe, sport- en ontspanningsfasiliteite.
- Netwerk van Huise van Veiligheid: vordering is gemaak met die skep van 'n netwerk van huise van veiligheid regoor die Overberg Distrik. Ons beoog ook om 'n buitepasiëntsorgdiens te lewer as deel van 'n gestruktureerde dwelmrehabilitasieprogram.
- Uitbreiding van Saldanha-hawe: R96 miljoen belegging om Saldanha- en Peperbaai-hawens op te gradeer – projek sal in 2022 voltooi wees.
- Landelike Veiligheidsplan: befondsing wat bekom is, is gebruik vir die implementering van sleutel- veiligheidsprojekte, naamlik: Polisietoesig, Buurtwagte, Optrede teen dwelmmisbruik en dwelmrehabilitasie, en takeling van Alkoholmisbruik en Gesinsgeweld.
- Nuwe Dam/ Watersuiweringsfasiliteit en voltooiing van Blossoms en watersuiweringsaanleg: Befondsing verkry vir Blossoms-projek.




## VERSTERKING VAN VOORBEREIDHEID VIR EN RESPONS OP RAMPE IN DIE PROVINSIE




- As deel van die Wes-Kaapse Verdrinkingsvoorkomings- en Waterveiligheidstrategie, het die Rampbestuursentrum 'n Waterveiligheidsprogram gefasiliteer om kinders gedurende die somerseisoene te beskerm.
- Munisipaliteite is ondersteun met Brandkapasiteit-programme om meer effektiewe optrede tydens sulke rampe moontlik te maak.

ICONS BY FLATICON